

**18 November**

**Rut 1:20**

***Naomi het vol weggegaan en nog voller terugkeer***

Toe Naomi na haar terugkeer in haar geboorteland terug verwelkom is, het sy terneergedruk verklaar: Noem my nie meer Naomi, die lieflike, nie maar Mara die bittere. Ek het vol weggegaan maar die Here het my leeg laat terugkeer. Vol geëmigreer as 'n gelukkige huisgesin, man vrou en twee seuns. Na tien jaar is haar man oorlede en kort daarna ook haar seuns na kortstondige huwelike voordat kinders vir hulle gebore is.

Naomi moes 'n wonderlike vrou gewees het met besondere warmte en liefde in haar. Haar Moabitiese skoondogters was selfs bereid om saam terug te keer na vir hulle totaal vreemde land en kultuur. En dit saam met 'n verbitterde vrou wat sê die Here het teen haar gedraai.

Dan tree Rut na vore in haar mooi liefde vir haar skoonmoeder en haar onbeskryflike lojaliteit. In ses stellings gee sy dit weer: Waar u gaan, gaan ek; waar u bly bly ek; u volk is my volk; waar u sterf wil ek sterf en by u wil ek begrawe wees.

So word Naomi se lewe vol. Die Here het nie teen haar gedraai nie maar liever haar lewe ryker gemaak as ooit. Dit sou sy weldra ervaar as Rut met Boas trou en sy met hulle seuntjie op haar skoot sit.

Watter pragtige Vader-kind-verhouding is daar nie vir ons deur Jesus Christus nie! Nog dierbaarder en nouer as dié van Naomi en haar skoondogter. Ek is die ware wynstok en julle die lote. Onlosmaaklik uit Jesus Christus gegroei waar selfs die dood nie skeiding kan bring nie.

'n Versugting: As daar tog maar meer skoonmoeder-skoondogterverhoudings mag wees soos die van Naomi-Rut.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)